

BOERhier

'n Boer is gekies deur God

GRATIS

Uitgawe 98

25 September 2024

www.boerhier.co.za



Valley Venture Stud, Die Teler's se keuse

INHOUD

- 4 Valley Venture Stud, Die Teler's se keuse
- 7 Afronding van kalwers en lammers op die plaas vir die Desember mark
- 12 Prys van hoenderprodukte begin dalk gou daal
- 13 Damvlakke
- 17 Oorsprong van die vark, geskiedenis en belangrikheid van die dier
- 24 Suid-Afrika is wêreldwyd die erkende bakermat van Boerbokke
- 28 Nampo Kaap 2024 – 'n Baken vir eie Landbougemeenskap
- 34 Wenke vir Plaasveiligheid
- 38 Gars as 'n Bron van Stysel in Skaaprantsoene
- 44 Praktiese bulbestuur
- 51 Markaanwysers
- 53 Wolstatistieke
- 54 Veiling Resultate
- 57 Resep: Amandelbiscotti-Bosbessies
- 58 Wat sê die Markte
- 59 Vorige Uitgawes

Artikels saamgestel deur BOERhier en Zanmari Crous, AffiePlaas Fotografie en Christine Vosloo Fotografie, in samewerking met die adverteerders.

Ontwerpe en samestelling gedoen deur BOERhier.

Bemarking en kliëntediens word behartig deur BOERhier span.

Kopiereg van BOERhier word streng voorbehou.

Vir verdere navraag, kontak: [073 895 6392](tel:0738956392) of e-pos info@boerhier.co.za

Besoek ons webtuiste www.boerhier.co.za en www.farmhere.co.za

Ingligting vir advertensies en artikels vir BOERhier word verskaf deur adverteerders.

BOERhier word gevrywaar van enige verliese of beserings wat kan plaasvind. Lesers word aanbeveel om navorsing te doen voordat 'n transaksie behartig word en 'n produk gebruik word.



Kliek op die pyltjie vir die inhoud bladsy



Kliek op die ikoon om die video te kyk

Foto: [AffiePlaas Fotografie](#)

Steek gereeld hand op

Wanneer die jaar draai, die ou ene op sy rug lê en die nuwe een op die horison aan die opkom is, is dit tyd dat 'n mens gedwing word om so bietjie na binne te kyk. Ons moet kyk waar ons is en hoe ons daar uitgekom het. Ons moet kyk wat is verkeerd en hoe kan ons weer regmaak.

Ek vermoed dat die jaarwisseling 'n mens dwing tot introspeksie. Wanneer 'n mens weet waar jy staan, weet jy waarheen jy op pad is. Soms is daar 'n paar klein verstellinkies wat 'n mens moet aanbring. Soms is daar 'n paar grotes om te doen.

Dit was die tweede dag van die nuwe jaar toe ek 'n noodoproep ontvang via die chat op ons webtuiste. Kom ons noem hom Franko. Hy skryf kort, maar die uitroep spreek boekdele: *"Hi, ek is F, ek is 'n sondaar en wil graag die Bybel leer deur dit te bestudeer. Kan julle my daarmee help, as dit moontlik is? Dankie!"*

Ek vermoed Franko het met die wisseling van die jaar op 'n klip gaan sit en bietjie gaan loer na sy lewe se prentjie en waar hy homself op daardie oomblik bevind. Ek vermoed die prentjie was nie so rooskleurig nie.

Ek vermoed hy was skaam vir sommige van die prentjies. Ek vermoed dat hy verlore gevoel het en dat dit tyd was vir hand opsteek om hulp te vra. Hy weet waar om aan te klopf: By God se Woord.

Natuurlik hoef ons nie te wag vir die begin van die jaar om verstellings te maak nie. Enige tyd kan en moet ons na God se Woord gaan vir leiding. Hier hoor ons weer God se beloftes. Hier hoor ons weer wat ons moet maak en hoe ons hier in die wêreld moet loop en waar ons nie moet afdraai nie.

Elke skrywer van die boeke van die Bybel gee vir ons 'n kerie om ons te help op die paaie van die lewe. Petrus sê hier aan die einde van sy eerste brief hoekom hy skryf:

12... My doel met die brief is om julle moed in te praat deur julle weereens aan alles te herinner wat ons God vir ons gee sonder dat ons dit verdien. Dit is ware genade. Gryp dit met albei hande vas en moet dit nooit los nie.

Wanneer ons ons neuse in die Woord van God hou, kan die aanvalle maar kom. Die swaar tye kan maar kom klop aan ons voordeur, ons sal staande bly, want uit die Woord van God sal ons moed skep om aan te hou.

Ons sal lees hoe bevoorreg ons is om al die hope en hope genade uit God se hand te ontvang. Ons sal weer onthou dat ons verlore was en dat Jesus in ons plek betaal het vir ons sondes.

Wanneer ons besef ons het verkeerde afdraaie geneem en ons op verkeerde plekke bevind, moet ons ons hand opsteek vir hulp. Dan moet ons soos Franko terugkeer na die Waarheid waar ons hulp en leiding sal ontvang.

Kom ons maak almal saam weer 'n *commitment* om elke dag by God se Woord uit te kom en daar leiding te ervaar. Mag ons erns maak om dit deel te maak van ons hele wese, sodat ons nie weer verkeerd hoor en verkeerd besluit en by die verkeerde plek opdaag nie.

Teks

1 Petrus 5:12-14

Om oor na te dink

- Is daar 'n paar verstellings wat jy moet maak?
- Hoe kan die Bybel help?
- Hoe kan jy meer tyd met God se Woord deurbring?

Gebed

Vader, dankie vir U Woord. Ek glo dat dit vir my my weg aandui. Help my om daarop te loop. In Jesus Naam. Amen.

Bron: <https://kruispad.247.org.za/steek-gereeld-hand-op/>

Valley Venture Stud, Die Teler's se keuse



Ons trots by Valley Venture Stud is dat ons swartwitpens kuddes gebou is op uitstaande genetica. Die fondasie van ons kudde is begin deur die aankoop van top gehalte bloedlyne van Piet Warren, Thaba Tholo en Chris Visser. Daarmee saam het ons die gesogte genetica van Magic, Madala, Tequila, Piet en later Black Jack, Warren, Explorer, SummerTime, ThunderStorm, WildStorm, ShowTime en StepUp by die stoet bygevoeg om te verseker dat ons kuddes van die mees gesogte kuddes in die wildbedryf bly.

Terwyl top stamboom bulle noodsaaklik is, is ons sterk voorstanders van goeie moederlyne. Jare se ondervinding het ons geleer het dat 'n goeie moederlyn die sleutel is om uitsonderlike teeldiere te produseer. Ons leuse – Etiese Teling, Beproeft Genetika, Bewese Stambome – weerspieël ons onwrikbare verbintenis tot die hoogste standaarde in stoetteling.

Vir meer as 30 jaar bly Valley Venture Stud aan die voorpunt van volhoubare, etiese boerderypraktyke. Deur voortdurende navorsing, volgehoue familietradisie en noukeurige seleksie, het ons bekend geword as 'The Breeders Choice', wat topgehalte nageslag beskikbaar stel om teelprogramme regoor die land te verbeter.

Op 22 Februarie 2025 bied ons met trots die volgende top bulle aan.

- TopUp (B955) – 54", 5 jaar 4 maande

- StepUp (B950) – 54", 5 jaar 4 maande
- TouchUp (B945) – 50 4/8", 5 jaar 3 maande

Boonop sal Valley Venture Stud op 28 September 2024 deelneem aan die 'Summit Wildlife Auction', waar uitsonderlike diere beskikbaar sal wees.

Valley Venture Stud bly die tuiste van Suid Afrika se vooraanstaande Santa Gertudes beeste, Amerikaanse Saalperde, Bastergemsbokke, Gemsbokke en Swartwitpense.

Ons missie is die voortsetting van die tradisie van etiese, volhoubare teling vir toekomstige geslagte.

Vir navrae aangaande die veiling, kontak asb vir:

- Tina de Jager (+27 82 774 4777)
- Garth Saville (+27 82 883 2503)

BOERhier

'n Boer is gekies deur God



Book your Company Video
Interview @Nampo Alfa –
Bothaville today


Date:
17 – 19
October

Nampo Exhibitor Video **R5500**

Get ready for #NampoAlfa, Livestock,
Hunting and Outdoor Expo.

Includes:

- Interview video
- Tiktok / Instagram Reel
- Recorded with 4k camera @Nampo
- Advertising of video on 12 BOERhier social media platforms after Nampo
- 80,000+ BOERhier Social Media Followers
- Video link placement in Expo summary advert in 1 BH Magazine
- Client tagged in all video placements on social media to drive traffic to your social media



Contact our BOERhier
Media sales consultants
today to book your slot.

☎ (0) 82 374 8290

✉ Anja@boerhier.co.za

KASTEEL

33^{ste} Produksieveiling

DONDERDAG, 26 SEPTEMBER 2024 | 11H00 | Kasteel, Loxton

ROETE: Vanaf Loxton - Ry met Carnarvon straat in 'n Noord-Westelike rigting vir 10.3km. Draal regs. Ry vir 10.5km tot by Kasteel.

WIESE

BESIGHEIDSTRUST • BUSINESS TRUST



TEVREDE KOPERS ONS WAARBORG
SATISFIED BUYERS OUR GUARANTEE

GPS: S 31° 24.533' E 22° 11.888'

GPS VIR AANLOOPBAAN: S 30° 24' E 22° 12'

BAAN 09-27, 1345 HOOGTE

KASTEEL GENETIKA, JOU KONNEKSIE TUSSEN DIER EN NATUUR

AKKOMMODASIE:

• Jakhalsdans

071 424 7785

• Rolbos

061 809 8044

• Biesiespoort Gastehuis 083 561 0131

• Karos Gastehuis

023 007 0255

• Loxton Rust

082 881 8851

• Loxton Nessie

072 563 9310

AANBOD

- 30 Dorper Ramme
- 30 Wit Dorper Ramme
- 15 Van Rooy Ramme
- 10 Boerbok Ramme
- 5 Persie Ramme

NAVRAE:

PIETER WIESE

082 868 4828

DAAN BOSMAN

082 929 8406

ADRIE DE KLERK (BKB)

082 825 3892

CORNE NEL (BKB)

082 410 8898

JP MARAIS (AFSLAER)

060 551 6537

DRIES WIESE

082 809 2949

PHILLIP SCHUTTE (BKB)

060 503 5751

DIETER SCHUTTE (BKB)

079 500 7525

STIAAN VON WIELLIGH (BKB)

082 844 6604



ONDER BESKERMING VAN DIE VERSKEIE TELERGENOOTSKAPPE

BESOEK ONS BY WWW.BKB.CO.ZA

VOLG ONS OP: FACEBOOK

INSTAGRAM

LINKEDIN

YOUTUBE

AFSLAERS: POSBUS 304, CRADOCK, 5890 TEL: 048 881 3090 FAX: 048 881 2605 E-POS: REMARK.CRADOCK@BKB.CO.ZA REG. NO. 1998/012435/06

BKB
LEWENDEHAWE &
AFSLAERSDIENSTE

Afronding van kalwers en lammers op die plaas vir die Desember mark

1. Praktiese afronding op die plaas en produksie-faktore wat in ag geneem moet word

Basiese fasiliteite en hulpbronne wat nodig word om kalwers of lammers af te rond op die plaas sluit krale, water- en voerfasiliteite, water- en voervoorsiening, 'n weegskaal en arbeid in.

Kraal-grootte kan op $12\text{m}^2/\text{kalf}$ en $2\text{m}^2/\text{lam}$ bereken word. Voerbak-spasie van $30\text{cm}/\text{kalf}$ en $15\text{cm}/\text{lam}$ word nodig. Water-inname is gemiddeld $45\text{-}50\text{L}/\text{kalf}/\text{dag}$ en $5\text{-}6\text{L}/\text{lam}/\text{dag}$. Faktore wat 'n rol speel in die winsmarge sluit onder andere ras, geslag, groeistimulante, die voer se nutrientwaarde, gemiddelde daaglikse toename (GDT), voeromsetverhouding (VOV), voerperiode, en uitslag persentasie in (Oosthuizen, 2016).

Tabel 1: Produksie faktore vir die afronding van kalwers en lammers

Spesie		Kalwers	Lammers		
		Van:	Tot:	Van:	Tot:
GDT	kg/dag	1.5	1.9	0.22	0.38
Voeriname	kg/dag	11	13	1.3	1.6
VOV	kg voer: kg gewig	5.8	8.6	3.4	7.3
Uitslag %	%	58%	61%	46%	48%
Voerperiode	dae	100	140	55	65

2. Invloed van inset-en-uitsetpryse asook prystendense wat voordelig kan wees

Inset-en-uitsetpryse kan 'n betekenisvolle verskil in die winsmarge van afronding speel, in beide speenkalwers en speenlammers. Seisoenale prystendense kan gebruik word om gunstige speenkalf/speenlampryse en kaskaspryse te ondersoek om sodoende tydsberekening te gebruik vir potensiële hoër wins.

Die prysindeks in Figure 1 en 2 is bereken deur die afgelope drie jaar se pryse op 'n maandelikse basis teen die spesifieke jaar se gemiddeld te stel en dus 'n maadelikse indeks te bepaal. Die indekse is as gemiddeld van 2019-2021 geplot in Figure 1 en 2, vir bees en skaap onderskeidelik. 'n Indeks bo 100% dui dus 'n hoër prys teenoor die jaar gemiddeld en visa versa. 'n 8-jaar gemiddeld (2014-2021) het dieselfde tendense getoon.

Figuur 1 dui aan dat die speenkalf prys laag en onder die jaargemiddeld is tussen April en Julie, wat die seisoenale speen tyd is. Hoër aanbod van kalwers in die mark verlaag die prys. Dit is ook duidelik dat wanneer die aanbod van kalwers laer is, die prys hoër neig, soos in die lente en somer maande.

Figuur 1: Speenkalf-en-beeskarkasprys indekse (3-jaar gemiddeld, 2019-2021)



Die karkasprys is hoog in Desember weens die feesseisoen wat vraag stimuleer. Die vraag en dus prys-stygging bou op na Desember en verlaag drasties in Januarie na afloop van die feesseisoen. Dit sal dus gunstig wees om gevoerde kalwers teen jaareinde te bemark om die gunstige karkasprys te benut.

Die aankoop van kalwers moet dus tussen 4 en 5 maande voor die bemarkingstydpek geskeduleer word, dus Augustus en September. Die speenkalf prys is wel reeds bo gemiddeld teen hierdie tyd. Teenstrydig weens die invloed van bek-en-klousee is die speenkalf prys tans 5% onder die jaar gemiddeld wat geleentheid skep om potensiele hoër winsmarges te realiseer deur kalwers self te voer in die huidige scenario, met addisionele klem op die logistieke uitdaging weens die virus.

Figuur 2 dui die speenlam en karkas prys indekse aan.

Figuur 2: Speenlam-en-karkasprys indekse (3-jaar gemiddeld, 2019-2021)



'n Duidelike tendens in Figuur 2 kan waargeneem word waar die speenlamprys onder-gemiddeld laag is tussen Januarie en April en bo-gemiddeld hoog is tydens die winter maande. Hierdie tendens is hoofsaaklik weens 'n hoë aanbod van lammers vroeg in die jaar (seisoenale speentyd) en verlaagte aanbod teen Mei.

Soos in die geval van beesvleis is die A2-lamprys ook hoog in Desember met die feesseisoen se aanvraag. Hoë karkaspryse word ook in die winter maande ervaar, hoofsaaklik weens 'n lae aanbod van lammers twee maande tevore, soos bespreek, wat deur die voerproses gaan om aan die karkasvraag te voldoen.

In die huidige periode blyk dit dat Desember 'n gunstige karkasprys kan bied met 'n gemiddelde speenlamprys as inset. Om lammers self te voer vir die Desember mark kan dus voordelig wees as die prystendens in ag geneem word.

3. Winsmarges (Waarde-toevoeging)

Speenkalf-afronding op die plaas kan in twee fases gedeel word naamlik "backgrounding" en afronding. "Backgrounding" is die aanpassingsfase vir die voerkraal waar kalwers se rumens aangepas word vir die hoë-energie graanrantsoen van die voerkraal, hulle immunititeit opbou en sosiaal aanpas. Die fase is belangrik vir goeie produksie en dus wins in die voerkraal, maar kan ook 'n goeie winsmarge realiseer.

Die voerinname van aangekoopte byvoeding tot die veld is laag met relatiewe goeie groei in ruil daarvoor. 'n Minimum van 30 dae word aanbeveel. Die tydperk hang af van die speengewig van die kalwers, die GDT en die teikengewig vir die voerkraal. 'n Maksimum van 250kg voerkraal intree-gewig moet nie oorskry word nie, aangesien winsmarge in die voerkraal dan verlaag.

In die scenario soos uitgestip in Tabel 2, word kalwers vroeg op 190kg gespeen. Dit bied ruimte vir addisionel winsmarges in die "backgrounding" en voerkraal a.g.v. die laer intree gewig. Vroeg speen haal ook druk van die koeie af en bied meer tyd vir herstel na die winter.

Die voerkraalfase is dan die vol-intensiewe voerfase waartydens hoë produksie-uitsette bewerkstellig moet word. Die voerprys-tot-karkasprys verhouding beperk die periode vir optimale winsmarges tot 100 dae om steeds 'n karkas gewig bo 240kg te realiseer. 'n Voerinname van 3.6% van liggaamsgewig en GDT van 1.75kg is gebruik in die Tabel 2 scenario. Die opsie om self op die plaas konsentreer te meng met mielies en ruvoer bewerkstellig 'n laer voerprys wat die winsmarge verhoog, maar mengfasiliteite op 'n plaas kan 'n beperking wees.

Met die afronding van lammers is een fase in die voerkraal voldoende. 'n Kortstondige rumen-aanpassing word wel gedoen deur net addisionele ruvoer in die kraal te voorsien. In Tabel 2 is 'n algemene intree-gewig van 30kg gebruik. Die eindgewig moet nie meer 50kg wees nie, om karkaste bo 25kg te vermy. Die GDT kan heelwat wissel tussen verskillende rasse wat in ag geneem moet word.

Die wol-inkomste kan ook 'n beduidende invloed op die totale winsmarge hê, maar dit is nie in Tabel 2 in berekening gebring nie. Die voordeel van self meng op die plaas kan ook voerkoste verminder, maar weereens is mengfasiliteite moontlik 'n beperking. Verder word verpilling aanbeveel om lammers te voer om vermorsing te beperk en inname te stimuleer. Verpillingstoerusting is egter ook 'n beperking op plaasvlak.

Die scenario in Tabel 2 sluit rente, arbeid en mortaliteit uit. Die 2% variasie in produksie- en prysfaktore is gedoen deur 10 scenarios van winsmarge te bereken op grond van 'n 2% toename en afname in aankoopprys, karkasprys, voerprys, GDT, voerinname, voerperiode, aankoopgewig en uitslag-persentasie. Die minimum, gemiddeld en maksimum winsmarges is hieruit bereken.

Volgens die berekening in Tabel 2 kan 'n goeie winsmarge gerealiseer word in die "backgrounding" fase (11% ROI) en addisionele



waarde kan toegevoeg word deur die kalwers te voer vir slagting (12% ROI). Die moontlike winsmarge varieër tussen R683 en R1151 met "backgrounding" en R793 en R1963 in die voerkraal. Die lam-afrond-berekening toon goeie winsmarges (8% ROI), in ag genome dat dit 'n korter voertydperk is in vergelyking met bees-afronding. Die marges wissel tussen R82 en R242/lam. Die self-meng opsie toon ook dat addisionele marges bekom kan word mits dit prakties op die plaas moontlik is.

Met verwysing na die gunstige prystendense vir die Desember-mark kan die gemiddelde tot maksimum winsmarges realiseer wat goeie potensiaal vir waardetoevoeging op die plaas inhou.

Verwysing:

Oosthuizen, P. L. (2016) 'The profit-maximising feeding period for different breeds of beef cattle', MSc study.

Bron: <https://www.sernick.co.za/af/afronding-van-kalwers-en-lammers-op-die-plaas-vir-die-desember-mark/>

Tabel 2: Winsmarges vir "backgrounding", kalwers en lammers se afronding

Faktore		Backgrounding	Bees volvoer		Bees konsentraat	Skaap volvoer		Skaap konsentraat
Aankoopgewig	kg	190	235			30		
GDT	kg/dag	1	1,8			0,3		
Voertydperk	dae	45	100			60		
Eind gewig	kg	235	415			48		
Uitslag persentasie	%	NA	60%			47%		
Aankoopprys	R/kg	36	35			49		
Verkoopprys	R/kg	35	63			100		
Voerprys	R/kg	5,55	5,07	4,57		5,19	4,74	
Medikasie	R/dier	100	300			85		
Wins marge	R/dier	886	1700	2280		168	206	
ROI	%	11%	12%	16%		8%	11%	
2% variasie in produksie-en-prysfaktore								
Min	R/dier	683	793	1377		82	120	
ROI	%	9%	6%	10%		4%	6%	
Gemiddeld	R/dier	832	1263	1786		145	179	
ROI	%	11%	9%	13%		7%	9%	
Maks	R/dier	1151	1963	2531		242	280	
ROI	%	16%	14%	18%		12%	14%	

BOSTU

- BOERBOELS -

"Bred for Perfection, Raised with Love."

SA Studbook National Elite Kennel 2022...



© Larabell Weiting

CHEREEN & THYS VON SOLMS



082 4494889 | 083 4478844

bostuboerboels@gmail.com

www.bostuboerboels.com

Bostu boerboels



1 spuit beskerming teen 10 van die belangrikste Klostridiale bakteriële stamme:

- 1 Basillêre hemoglobinurie
- 2 Rooiderm
- 3 Bloedpens
- 4 Nekrotiese enteritis
- 5 Aansteeklike nekrotiese hepatitis
- 6 Bloednier
- 7 Klem-in-die-kaak
- 8 Kwaadaardige edeem
- 9 Sponsiekte
- 10 Skielike sterfte sindroom

Beskerming teen belangrike Klostridiale bakterië:

- 1 Sponsiekte
- 2 Bloednier
- 3 Klem-in-die-kaak
- 4 Kwaadaardige edeem

Beskerming teen bakteriële respiratoriese infeksies:

- 5 Long pasteurellose
- 6 Septemiese pasteurellose.

1 entstof vir 3 siektes

Milt-siekte

Lam-siekte

Spons siekte

Immuniteit gevestig binne 3 - 4 weke

Hou tot 1 jaar

- Knopvelsiekte is 'n virale siekte.
- Dit veroorsaak ernstige ekonomiese verliese wanneer uitbrake plaasvind.
- Knopvelsiekte kan met doeltreffende inenting voorkom word.

- ✓ Gerieflike: 50 dosis grootte
- ✓ 2 ml per dier



Tri Guard Bevat: *Bacillus anthracis* ongekapsuleerde avirulente stam Sterne 34F lewendige spore, *Clostridium botulinum* tipe C1 + C2 en tipe D toksoides en *Clostridium chauvoei* anakulture. (Reg. Nr. G4335 Wet 36 van 1947). Clostri Guard 10 Bevat: Gesuiwerde en gekonsentreerde toksoides van *Clostridium perfringens* Tipes A, B, C en D, *Clostridium septicum*, *Clostridium novyi* Tipe B, *Clostridium tetani* en *Clostridium sordelli*, en integrale anakulture van *Clostridium chauvoei* en *Clostridium novyi* Tipe D (*Clostridium haemolyticum*). Clostri Past Bevat: Gesuiwerde en gekonsentreerde toksoides van *Clostridium perfringens* Tipe D, *Clostridium septicum* en *Clostridium tetani*; integrale anakulture van *Clostridium chauvoei*, bakteriene van *Pasteurella multocida* en *Mannheimia* (*Pasteurella*) haemolytica bakteriene, geabsorbeer met aluminiumhidroksiediel. (Reg. Nr. G4298 Wet 36 van 1947). Lumpy Guard Samestelling: Elke 2 ml bees dosis bevat minstens 10^{11} TCID₅₀ lewendige verswakte knopvelsiekte virus. (Reg. Nr. G3955 Wet 36 van 1947). Registrasiehouer: Deltamune Edms. Bpk. Reg. Nr.: 1994/005981/07. Posbus 14167, Lyttelton, 0140. Versprei deur: Antrovat Animal Health Edms. Bpk. Reg. Nr.: 2010/001184/07. Registrasiehouer: Antrovat SA (Pty) Ltd., Reg. Nr.: 2010/001184/07. Posbus 14167, Lyttelton, 0140. Versprei deur: Antrovat Animal Health Edms. Bpk. Reg. Nr.: 2019/0194324/07. Posbus 60577, Pierre van Ryneveld, 0045. Tel: +27 (0) 11 626 2988, www.antrovat.co.za Vind ons op Facebook



Christine Vosloo Fotografie

060 967 2041

Wes Kaap

evosloo4@gmail.com

Prys van hoenderprodukte begin dalk gou daal

Verbruikers kan dalk binnekort weer minder vir hoenderprodukte betaal danksy 'n versterking in die rand en verhoogde produksie in kerninvoerlande soos Brasilië. Die voorspelde verslapping in prysstygings kom te midde van skerp dubbelsyferstygings in hoenderpryse oor die afgelope twee jaar.

Volgens die jongste Absa AgriTrends-verslag sal die gemiddelde hoenderpryse vanjaar nog in sommige gevalle met net meer as 1% styg.

“Die afgelope ruk het siekte-uitbrekings soos voëlgriep 'n wêreldwye tekort van die proteïenbron veroorsaak, wat opwaartse druk op pryse geplaas het,” sê dr. Marlene Louw, senior ekonoom by Absa AgriBusiness.

“Hoewel potensiële nuwe uitbrekings die prysvooruitsig kan beïnvloed, verwag ons verbeterde marges vir produsente, wat aanbod kan stimuleer. Dit kan dan help om prysverhogings op medium termyn te tem, wat goeie nuus is vir verbruikers.”

Louw sê voorts hoewel hoender die gewildste vleis onder Suid-Afrikaners is, word sowat 20% van plaaslike verbruik deur invoere bedien – hoofsaaklik gevriesde hoenderstukke aan die been.

Enige onderbreking met verskaffing en invoere kan dus 'n beduidende invloed op pryse hê.

Maroela Media het vroeër berig dat 'n geval van New Castle-siekte in Brasilië in Julie vanjaar daartoe gelei het dat pluimveehandels tussen dié land en Suid-Afrika vir 21 dae opgeskort is.

“Met ongeveer 400 000 ton hoender wat elke maand deur Brasilië uitgevoer word, het

die voorval die belangrikheid van Brasilië as kernuitvoerder in die wêreldmark beklemtoon.

“Suid-Afrika is veral kwesbaar vir uitvoeronderbrekings uit Brasilië. Verlede jaar was meer as driekwart van hoenderinvoere na Suid-Afrika vanuit dié Suid-Amerikaanse landboueurs afkomstig.”

Te midde van groter oproepe dat hoender van BTW kwytskeld word, waarsku Louw dat dit weer die prys van ander vleis kan beïnvloed.

Beleid om siektes doeltreffend te hanteer en produksie te bevorder, kan egter help om prysverhogings van hoender te beperk.

Absa AgriTrends se prysvooruitsigte vir hoender:

	Gevriesde heel hoender (R/kg)	Vars heel hoender (R/kg)	Individueel kitsbevore (IQF) (R/kg)
2021	29,22	29,66	25,40
2022	32,30	32,60	29,00
2023	35,79	35,71	30,80
2024	36,20	35,30	31,15
2025	37,58	36,54	32,02
2026	39,00	37,52	32,82
2027	39,78	38,12	33,15

Bron: Absa AgriBusiness, 2024

DAMVLAKKE

Soos op 19 September 2024



September		
	2023	2024
Oos-Kaap	79%	77%
Vrystaat	93%	78%
Gauteng	96%	90%
KwaZulu-Natal	87%	85%
Limpopo	85%	75%
Mpumalanga	94%	86%
Noord-Wes	85%	66%
Noord-Kaap	83%	74%
Wes-Kaap	92%	94%

BOERhier

www.boerhier.co.za

Provincial Summary (sawx.co.za)



Psalm 121:2

“ My hulp is
van die Here
wat hemel
en aarde
gemaak het.”



Foto: AffiePlaas Fotografie



Conifluxe + Tape



Rondewurm beheer	Lintwurm beheer	Lewerslak beheer	Peervormige maagslak beheer	
			Onvolwasse	Volwasse
	✓		✓	✓



LEVOXY 5,9%



Rondewurm beheer	Lintwurm beheer	Lewerslak beheer	Peervormige maagslak beheer	
			Onvolwasse	Volwasse
✓		✓	✓	✓



Ovi Dose 4



Rondewurm beheer	Lintwurm beheer	Lewerslak beheer	Peervormige maagslak beheer	
			Onvolwasse	Volwasse
✓	✓	✓	✓	




Die onvolwasse stadiums van peervormige maagslak vestig tydelik in die dunderm, waar hulle met suiers vasheg en bloed suig. Hulle is verantwoordelik vir die kenmerkendste simptoom, naamlik waterige/bloederige/stink diarree.



Volwasse peervormige maagslak vestig in die blaarpens (rumen) en produseer eiers.

HOU JOU DIERE SE DERMKANAAL GESOND!

Registrasiehouer: Kyron Animal Health (Edms) Bpk, Mpy. Reg. Nr. 2004/021847/07, Eenh. 45C, 45 Parkview Straat, Highway Business Park, Rooihuiskraal Uitbr. 31, Centurion, 0157, Suid Afrika. **Produk Naam:** Conifluxe + Tape. **Registrasie Nummer:** C1762 Wet 36/1947 (Suid Afrika). **Samestelling:** Doxantral 25,0 % m/v. **Uitvoer land:** Botswana - BV2100110 **VDL** Namibië V14/18.1.3/1253 **NSD** **Produk Naam:** Levogy 5,9 %. **Registrasie Nummer:** G4148 Wet 36/1947 (Suid Afrika). **Samestelling:** Levamisool hidrokloried 2,5 % m/v, Oksiklozanied 3,4 % m/v. **Produk Naam:** Ovi Dose 4. **Registrasie Nummer:** G4041 Wet 36/1947 (Suid Afrika). **Samestelling:** Praasikwental 2,50 % m/v, Levamisool 4,00 % m/v, Klorantel 3,75 % m/v, Ivermekteen 0,10 % m/v, Natrium seleniet 0,11 % m/v as selenium basis 0,39 mg/ml, Kobalt chloried 0,10 % m/v as kobalt basis 0,70 mg/ml. **Uitvoer land:** Namibië V14/18.1.8/1247 **NSD**



5th PRODUCTION SALE

2 OCTOBER 2024

11:00 - Kuruman

André Kock & Son Auctioneering Pens



**LOT 6
ZEF210195**



**25 SP BULLS (4 herd sires)
100 COMMERCIAL FEMALES**
IN ALL STAGES OF REPRODUCTION

10 ILE DE FRANCE RAMS

Christopher Melamu: 082 643 7475

Duncan Serapelwane: 082 850 0270

JL Pretorius Jnr: 081 049 8807

Joppie Pretorius: 083 395 6978

Johan van der Nest (Auctioneer): 082 574 4220

For more information visit André Kock en Seun Facebook Page.


**BONSMARA
SA**

 **SWIFT
VEE**
bie aanlyn
www.swiftvee.com



ANDRÉ KOCK & SEUN/SON BK

Lewendehawe Afslaaers & Eiendomsagente
Livestock Auctioneers & Estate Agents

TERMS AND CONDITIONS: Account must be settled directly after completion of the auction through means of cash or EFT payment. When total amount reflects in our bank account items/animals will be permitted to leave the premises. A cash handling fee will be charged on all cash transactions. FICA documentation (ID/Passport and proof of residence) must be present for transaction to be concluded.

Oorsprong van die vark, geskiedenis en belangrikheid van die dier

Die vark is 'n dier wat verteenwoordig word deur baie spesies wat aan die taksonomiese orde Artiodactyla en suborde Suiforme behoort. Varke het 'n lang geskiedenis op planeet Aarde, die eerste spesie sou meer as 40 miljoen jaar gelede verskyn het.

Geskiedkundig het die vark ook deur 'n proses van evolusie en mak gemaak. Tans word huishoudelike varke vir slag of bloot vir geselskap gebruik.

In hierdie artikel sal jy leer oor 'n paar algemene kenmerke van die vark en relevante inligting oor die historiese trajek wat deur hierdie dier gedek word.

Kom dan saam en lees lekker.

Algemene kenmerke van varke

Die vark het vier pote, wat elk vier vingers het. Hierdie tone is bedek met hoewe.

Die snoet is kraakbeenagtig en die kop neem 'n driehoekige vorm aan. In die bek is daar 44 tande, insluitend geboë hoektande en verlengde onderste snytande, wat bydra tot hul graafrangskikking.

Langs sy liggaamslengte het dit 'n dik laag vet. Die kliere wat in sy liggaam teenwoordig is, help die vark om sterk reuke uit te skakel.



Sus Domesticus

In die geval van die mak vark (wetenskaplike naam *Sus domesticus*), wissel die gewig tussen 100 en 500 kg; Ogemiddelde liggaamslengte is 1,5 meter.

Die kleur van die vark sal direk van sy spesie afhang en kan ligbruin, swart of pienk wees.

Wat voortplantingspatrone betref, is die gemiddelde dragtigheidsperiode 112 dae. Elke swangerskap gee aanleiding tot ses tot twaalf nageslag, wat varkies of varkies genoem word.





Varke voed hoofsaaklik op groente, groente en vrugte. Hier in Brasilië word soja wyd as veevoer gebruik.

Sommige nuuskierigheid oor hierdie dier is dat die vark as baie welsprekend beskou word, aangesien hulle met mekaar kommunikeer deur ongeveer 20 soorte klanke te gebruik. Hulle beskik ook oor uitstekende insig en geheue. In die ranglys van die mees intelligente spesies op die planeet beklee hulle die vierde plek, selfs voor honde. Sommige studies dui daarop dat hul vlak van kognitiewe intelligensie hulle in staat stel om bevele te gehoorsaam en name te herken, met inagneming van, natuurlik, in hierdie geval, die huishoudelike varkspesie. rapporteer hierdie advertensie

Lewensverwachting bereik 'n gemiddeld van 15 tot 20 jaar.

Varke Taksonomiese Klassifikasie

Die wetenskaplike klassifikasie vir varke volg die volgende volgorde:

- Koninkryk: Animalia
- Filum: Chordata
- Klas : Mammalia
- Orde: Artiodactyla
- Subborder: Suiformes

Taksonomiese Families Suidae en Tayassuidae

Die suborde Suiformes vertak in twee taksonomiese families, *Tayassuidae* en *Suidae* .

Binne die **familie** *Suidae* is dit moontlik om die genera *Babyrusa* , *Hylochoerus* , *Phacochoerus* en *Sus* .

Die genus *Babyrusa* het net een spesie (*Babyrusa babyrussa*), en vier erkende subspesies. Die genus *Hylochoerus* bevat ook 'n enkele spesie (*Hylochoerus meinertzhageni*), inheems aan Afrika, genoem hulohero of reuse-bosvark vanweë sy liggaamsafmetings van tot 2,1 meter lank en 'n verstommende 275 kilo.

Die genus *Phacochoerus* is die tuiste van die beroemde vlakvark, gekenmerk deur die vratte op die gesig, met die spesies *Phacochoerus africanus* en *Phacochoerus aethiopicus* .

Die genus *Sus* sluit varke self in, dit wil sê spesies soos die baardvark (wetenskaplike naam *Sus barbatus*), endemies aan tropiese woude en mangroves in Asië; die mak vark (wetenskaplike naam *Sus scrofa domestica* , of bloot *Sus domestica*); die wildevark (wetenskaplike naam *Sus scrofa*), benewens agt ander spesies, met minder gereelde verspreiding.

Die **familie** *Tayassuidae* bevat die genera *Platygonus* (wat nou uitgesterf het), *Pecari* , *Catagonus* en *Tayassu* .

In die genus *Pecari* vind ons die kraagpeccary (wetenskaplike naam *Pecari tacaju*). Die genus *Catagonus* sluit die spesie Taguá in (wetenskaplike naam *Catagonus wagneri*), wat as bedreig beskou word. In die genus *Tayassu* word die peccary-vark aangetref (wetenskaplike naam *Tayassu pecari*).

Oorsprong van die vark, geskiedenis en belangrikheid van die dier

Varke sou ongeveer 40 000 miljoen jaar gelede verskyn het. Die makmaakproses daarvan dateer terug na ongeveer 10 000 jaar gelede en sou begin het in dorpie geleë in Oos-Turkye, volgens die Amerikaanse argeoloog M. Rosemberg. Boonop sou die eerste mans wat vaste dorpie bewoon het, varke as hul hoofvoedselbron gebruik het en hulle verkies het tot nadeel van graan soos koring en gars.

In 1878 het grotskilderye wat 'n wildevark uitbeeld (wetenskaplik. naam *Sus scrofa*) is in Spanje gevind. Studies dui daarop dat sulke skilderye ooreenstem met die prehistoriese tydperk van die Paleolithicum, met verwysing na meer as 12 000 jaar a. C.

Oudste rekords van die teenwoordigheid van varke in kook dateer terug na ongeveer die jaar



500 vC. C., meer presies in China en tydens die Zhou-ryk. In hierdie gereg is die vark met dadels gevul en in kleibedekte strooi toegedraai. Na die proses is dit gerooster in 'n gat wat deur rooiwarm klippe gevorm word. Selfs vandag nog word hierdie kooktegniek in Polinesië en op die eilande van Hawaii gebruik.

Varkvleis is hoog op prys gestel in die Romeinse Ryk, sowel deur die bevolking as deur die adel, by geleentheid van groot feeste. Keiser Karel die Grote het selfs varkvleis aan sy soldate voorgeskryf.

Volgens die Middeleeue was daar ook 'n groot waardering vir varkvleis.

In die Amerikaanse vasteland het hierdie varkvleis aangekom gebring vanaf die tweede reis deur Christopher Columbus in die jaar 1494. Nadat

hulle gebring is, is hulle in die oerwoud vrygelaat. Hulle het baie vinnig vermeerder en in 1499 was hulle reeds talryk en het landboubedrywighede ernstig begin benadeel. Die afstammeling van hierdie eerste varke was pioniers in die nedersetting van Noord-Amerika, en het selfs Latynse lande soos Ecuador, Peru, Venezuela en Colombia beset.

In Brasilië het Martim Afonso de Souza die dier in die jaar hierheen gebring. 1532. Die individue wat aanvanklik ingesluit is, was nie rasegte nie, aangesien hulle afkomstig was van die kruising van Portugese rasse. Met die toenemende belangstelling in die dier het Brasiliaanse telers egter hul eie rasse begin skep en ontwikkel.

Tans is daar in die sentrale streek van Brasilië wilde varke wat afstam van die eerste varke wat deur Martins Afonso de gebring is. Souza. Hulle hou verband met die Oorlog van Paraguay, episode wat gelei het tot die vernietiging van plase en grootskaalse vrylating van hierdie diere in die veld.

Noudat jy reeds belangrike eienskappe van die vark ken, benewens sy verteenwoordigendheid deurgaans geskiedenis; bly by ons en besoek ook ander artikels op die webwerf.

VERWYSINGS

- ABC's. Syngeskiedenis . Besikbaar by: [//www.abcs.org.br/producao/genetica/175-historia-dos-suinos](http://www.abcs.org.br/producao/genetica/175-historia-dos-suinos);
- Jou navorsing. Varkvleis . Besikbaar by: [//www.suapesquisa.com/mundoanimal/porco.htm](http://www.suapesquisa.com/mundoanimal/porco.htm);
- Wikipedia. Varkvleis . Besikbaar by: [//en.wikipedia.org/wiki/Pig](http://en.wikipedia.org/wiki/Pig);
- Wêreld Dierbeskerming. 8 feite oor varke wat jou sal verras . Besikbaar by: [//www.worldanimalprotection.org.br/blogs/8-fatos-sobre-porcos-que-irao-te-surpreender](http://www.worldanimalprotection.org.br/blogs/8-fatos-sobre-porcos-que-irao-te-surpreender).

Bron: <https://goodandgreenguides.com/af/oorsprong-van-die-vark-geskiedenis-en-belangrikheid-van-die-dier>





BURGER & I'ONS BONSMARAVEILING

27 SEPTEMBER 2024 – 11:00

NKLH VEILINGSKRALE TE KIMBERLEY



*Merk
hierdie
datum!!!*



NAVRAE

(Elenaars) Dr. Terence I'Ons: 082 374 6771

Cobus Burger: 082 807 7635

(Agente) Dirk Beukes: 082 375 1849:

IG Zwiegers: 082 821 5797

(Afslaer) Johan van der Nest: 082 574 4220



AANBOD:

20 Bulle
(2 – 3 jr)

200
kommersiële
Bonsmara
vroulike
diere.

(in alle
produksiestadiums)

200 Bul/Os
speenkalwers



Afslaers • Auctioneers

STOET & KOMMERSIEEL

STUD & COMMERCIAL

053 927 3871/2/3/4 053 927 5433 @ nklhivm.co.za www.nklhivelings.co.za Noordkaap-Lewendehawe-Wyburg

DOORNPPOORT

GENETICS BOERGOATS

&

EP DORPER CLUB

RAM & EWE SALE

LIVE & ONLINE WITH SWIFTVEE

9 OCT 2024

11:00 | WILLOWMORE
SHOWGROUNDS



25 BOERGOAT RAMS
80 BOERGOAT EWES

40 DORPER RAMS
39 WHITE DORPER RAMS
10 DORPER EWES
23 WHITE DORPER EWES



PAUL HOBSON
+27 (82) 652 4724

ASHLEY PHILLIPS
+27 (82) 566 4762

RUSSELL HOBSON
+27 (82) 320 3053

KOBUS LOTTER
+27 (82) 432 2393

VREDENDAL KLAWERVEILING

Weskaaplandse Dorperveiling



Onder beskerming van die Dorper Telersgenootskap van SA



DONDERDAG, 3 OKTOBER 2024 | 11H00 | STEILHOOGTE LAERSKOOL



Google Maps
tik asb in:
Steilhoogte
Laerskool



AANBOD : 147 TOP DORPER & WIT DORPER SKAPE!

• 82 Dorper Ramme • 56 Wit Dorper Ramme



VERKOPERS

- Tromp Cilliers en seuns Wildorpers
- Matie Le Roux
- Paul Smit Wildorpers
- Kranskop Dorpers
- Pieter Stofberg
- Fraternitas Wildorpers
- Elandsberg Dorpers
- Gideon Vivier Dorpers
- Springduin Dorpers
- Transkrans Dorpers
- Gideon Vivier
- Koup Wildorpers
- Chris Blom Dorpers
- Springduin Wildorpers
- Uitvlugt Wildorpers

NAVRAE:

RIAAN LE ROUX (DORPERKLUB; WILLISTON) 063 262 8240 / 081 581 6857

NELLIS LOUW (BEMARKER; PIKETBERG) 083 441 4032

AFSLAER: CARL MALHERBE (BKB) 082 496 3446

BESOEK ONS BY WWW.BKB.CO.ZA VOLG ONS OP: FACEBOOK INSTAGRAM LINKEDIN YOUTUBE

AFSLAERS: RHEBOK STRAAT, INDUSTRIËLE AREA, HUMANSDORP TEL: 087 820 4532 REF: NO 98/12435/06

BKB

LEWENDEHAWE &
AFSLAERSDIENSTE



SA Savanna Bok / SA Savannah Goat
6DE SAVANNA KLUBVEILING

LIVE STREAMING ONLINE AUCTION | FLOOR BIDDING

3 OKT 2024

11:00 | KIMBERLEY

NKLH
VEILINGSKRALE

20

RAMME

70

OOIE



SWIFT
VEE

bie aanlyn
www.swiftvee.com

VEILING WORD AANGEBIED ONDER DIE
BESKERMING VAN DIE SABTV



NAVRAE

TATTIE SCHOLTZ - 082 493 6306 [SAVANNAS]

IG ZWIEGERS - 082 821 5797 [AGENT]

DIRK BEUKES - 082 375 1849 [AGENT]

KOOS COETZEE - 079 945 4355 [AFSLAER]

Afslalers • Auctioneers

STOET & KOMMERSIEEL

STUD & COMMERCIAL

☎ 053 927 3871/2/3/4

📠 053 927 5633

@ nklh@wam.co.za

🌐 www.nklhveillings.co.za

📍 Noordkaap-Lewendehawe-Vryburg

Veldbrande saai verwoesting.

Boere verloor elke jaar duisende hektaar weiding.

Jou donasie kan help om voer te voorsien en die boere by te staan wat skade gely het.

Bankbesonderhede:

Bank: Eerste Nasionale Bank

Rekeninghouer : AfriForum MSW

Takkode: 261550

Rekeningnommer: 623 498 98 398

Verwysing: Brande



www.afriforum.co.za

Reg. No. C479 A/L 30/04/07
HSG V17/12/7368 A/L 13/2003

Complex + A&E
FOR SHEEP AND GOATS



THE IDEAL BALANCE OF
VITAMINS + MINERALS

FOR OPTIMAL PERFORMANCE OF YOUR HERD/FLOCK!

OPTIMIZE YOUR ANIMAL'S
Immunity | Enzyme function | Fertility | Growth


Registration Holder: Kyrin Animal Health (Pty) Ltd., Reg. No. 2004/0184750/2, Unit 45C, 45 Parkview Street, Highway Business Park, Roodevallei, Ext. 31, Centurion, 0157, South Africa. Tel: 0851 247 462.

Reg. No. C479 A/L 30/04/07
HSG V17/12/7368 A/L 13/2003

Complex + A&E
FOR CATTLE



Suid-Afrika is wêreldwyd die erkende bakermat van Boerbokke



Die geharde en produktiewe Suid-Afrikaanse Boerbok is oor meer as 70 jaar deur streng selektiewe teelbeleid hier aan die suidpunt van Afrika ontwikkel. Dit is die maatstaf waarteen alle vleisbokke wêreldwyd gemeet is. Vandag word die Boerbok in feitlik elke land regoor die wêreld gevind. Hier in Suid-Afrika word rasstandaarde bepaal en slegs die heel beste genetika deur telers van wêreldstandaard geteel word.

Dié innoverende webtuiste bring op dinamiese en inhoud-ryke wyse bymekaar amper alle inligting rakende dié geharde vleisbok wat maklik gevind kan word. Alle kennis, ervaring, inligtingshulpbronne, opleiding en meer is hier beskikbaar.

Kommersiële boere is die pioniers wat die SA Boerbok hier ter plaatse ontwikkel het, en tot vandag toe nog verder verbeter om in die groeiende behoefte aan voedsel te kan voorsien. Hulle aansienlike kennis oor dié bokras wat so wêreldwye opskudding maak, word hier gedeel.

Hoekom Boerbokke?

Hoogs Vrugbaar

Vrugbaarheid is seker die enkele mees belangrikste ekonomiese faktor in veeboerdery. Wanneer goeie Boerbokgenetika met goeie bestuursinsette gekombineer word, kan Boerbokke maklik lampersentasies van 180% lewer. Daar is weinig ander veerasse wat dit kan klop.

Die vlak van bestuursinsette op elke stadium van die produksiesiklus is natuurlik van onskatbare waarde. Sukses kom immers nie vanself nie.

Dit het in die onlangse verlede gewild geword om met drieling-, vierling- en selfs vyflinglamers per ooi te spog. Die kommersiële produsent moet homself afvra of die addisionele bestuurs- en voedinginsette die moeite werd is. Die geamantlike gewig van tweelinglamers wat doeltreffend grootgemaak is, is nie aansienlik minder nie as dié van drieling of meer lamers wanneer dieselfde insette in ag geneem word nie.

Gehardheid

Die Boerbok se natuurlike weerstand teen parasiete en siektes het tot gevolg dat produksiekostes aansienlik verlaag word. Die ras se vermoë om lang afstande te kan stap, om 'n wye verskeidenheid plantegroei, wat baie ander vee nie sal benut nie, te benut en sy inherente aanpasbaarheid, maak van die Boerbok 'n baie geharde en doeltreffende veeras om mee te boer.

Moedereienskappe

Moedereienskappe is 'n hoogs oorerflike eienskap en die Boerbokprodusent behoort streng daarvoor te selekteer. Ooie moet 'n sterk moedersdrang toon en behoort haar lamers maklik en vinnig groot te maak. Dié is veral belangrik wanneer onder ekstensiewe omstandighede geboer word waar Boerbokooie in die veld lam.



Aanpasbaarheid

Alhoewel Boerbokke spesifiek vir harde, semi-woestyn en ekstensiewe boerderyomstandighede met dikwels lae gehalte weiding geteel is, is dit 'n hoods aanpasbare ras en floreer hulle onder uiteenlopende klimaatstoestande. Die Boerbok word in baie lande regoor die wêreld aangetref.

Hulle maer vleis (aansienlik minder vet as byvoorbeeld skaap) en kort haarkleed, beteken dat 'n kombinasie van lae temperature, nat en wind vrektes en produksieverliese kan veroorsaak. Gebiede wat aan bostaande omstandighede blootgestel is is oor die algemeen minder geskik vir Boerbokke. Nietemin, met die regte vlakke van

aandag aan die diere asook geskikte beskutting, sal die ras goed doen, al is dit met hoër as normale insetkoste.

Vinnige Groei

Die stalvoer van Boerbokke - ondanks die hoë koste daarvan - het ongelukkig in die afgelope klompie jare gewild geraak. Die valse beeld wat deur dié vetgevoerde diere geskep word, doen afbreek aan die Boerbok se kernwaardes van gehardheid en funksioneeldoeltreffendheid. Under the normal extensive farming conditions for which the Boer Goat has been specifically developed, kids can easily reach a marketable weight of between 30 kg to 40 kg on the hoof at around 7 – 8 months. This with minimal inputs costs in the form of special feeds and stall feeding.

Lae Insetkoste

Elke onkoste wat die produsent moet aangaan om sy vee in optimale kondisie en op 'n goeie gesondheidsvlak te behou, verminder sy winsgewendheid.

Dus, hoe laer dié insetkoste is, hoe beter sal die produsent se winsgewendheid wees. Gelukkig is die Boerbok 'n baie geharde dier wat uitstekende weerstand teen siektes en parasiete toon. Die Boerbok is nie 'n kieskeurige vreter nie en benut 'n wye reeks plantegroei om in sy behoeftes te kan voldoen. En dit als terwyl hy deurlopend hoë lampersentasies lewer. Afhangend van waar en hoe met hulle geboer word, benodig die Boerbok minimale inentings, ontworming en dip. Gegewe die ewigstygende koste van dieregesondheidsprodukte, beteken dit 'n aansienlike kostebesparing vir die produsent.

Bron: <https://www.boergoats.co.za/af/>



OOS-KAAP

boerbok klub veiling

3 OKTOBER 2024

11H00 | SOMERSET-OOS SKOUGRONDE

AANBOD:

• 40 RAMME • 100 OOIE



Derick Van Heerden 073 785 9880

Fanie Mostert 082 877 2092

Mark Cockin 083 674 5630

Ilse - Future Auctioneers 082 743 8342

AFSLAER:

Danie Strauss 072 585 4028



**AUCTION
REMINDER**

PO Box 119, Cathcart 5310

admin@futureauctioneers.co.za

#SustainabilitySynergised

PEOPLE | PLANET | PROFIT



#IntegrityIntegrated


SERVICE EXCELLENCE | ENTREPRENEURSHIP | EARNING | EMPLOYEES | ENVIRONMENT

BOERhier
'n Boer is gekies deur God

FARMhere
Farmers are handpicked by God

ONS TARIWE

BH Veilings: 5de van elke maand
FARMhere: 15de van elke maand
BOERhier: 25ste van elke maand



Advertensie Tariewe

Eén prys om in al 3 maandelikse tydskrifte te adverteer:

Volblad advertensie: R5 500 per maand

Artikel: R1 500 per tydskrif

Artikel & Halwe bladsy: R6 000 per tydskrif

Voorbladpakket: R9 500 per tydskrif

Voorblad alleen: R3 500 per tydskrif



**SOSIALE PLATFORMS
WEEKLIKSE PLASINGS**

Bogenoemde advertensies sluit in: Weeklikse advertensies op ons 22 sosiale media platforms.
Advertensies ontwerp op aanvraag teen 'n bykomende fooi (Bepalings en voorwaardes geld).

BOERhier / FARMhere gee aan God al die eer en lof vir ons volgehoue sukses.

**Bereik jou boerdery
se volle potensiaal !**

ADVERTEER BY ONS



073 895 6392 / 071 704 6282



E-POS: info@boerhier.co.za



Webtuiste: www.boerhier.co.za



Nampo Kaap 2024 – 'n Baken vir eie Landbougemeenskap

Bredasdorp, Wes-Kaap – NAMPO Kaap 2024, aangebied deur Graan SA in samewerking met Bredasdorp Park NPC, het nog 'n suksesvolle Ekspo van 11-14 September 2024 afgesluit. Die vierdag-geleentheid het 45 894 besoekers gelok en innovasies regoor die landbousektor ten toon gestel. Dit het sy posisie verstewig as 'n noodsaaklike platform vir bedryfslui, industrie rolspelers, produsente en die breër gemeenskap om die nuutste tegnologie te verken, huidige uitdagings te bespreek en die toekoms van landbou te vier.

NAMPO Kaap 2024, wat sy 5de bestaansjaar gevier het, het met die tema “Landbou: Die Ruggraat van Ekonomiese Groei” gefokus op die belangrike rol wat die landbousektor speel in die bevordering van beide die nasionale en globale ekonomie, sowel as voedselsekerheid. Henk Aggenbach, voorsitter van Bredasdorp Park NPC, het die ekonomiese hupstoot wat die ekspo vir die streek bring, uitgelig, wat 'n geskatte R15 miljoen tot R25 miljoen bygedra het tot die plaaslike ekonomie en meer as 100 werksgeleenthede in die Overberg-distrik, tydens die ekspo geskep het.

Die Minister van Landbou, John Steenhuisen het op Vrydag, 13 September 'n blitsbesoek aan NAMPO Kaap gebring. Minister Steenhuisen het 'n kort toer deur die ekspo geneem en 'n paar sleutelgesprekke met vennote gehad, maar het bowenal die gasvryheid en atmosfeer terdeë geniet.

'n Kenmerk van die geleentheid was sy diversiteit in uitstallers en program aanbieding. Met meer as 600 uitstallings en 'n nuwe rekord van 542 uitstallers, het NAMPO Kaap die nuutste tegnologie, masjinerie en landbouprodukte aan die Wes-Kaapse gemeenskap en ander besoekers ten toon gestel. Die uitbreiding van

die uitstalruimte met 38 bykomende erwe het die verhoogde vraag na ruimte aangespreek, terwyl die nuutste landboumasjinerie en tegnologie, insluitend battery-aangedrewe voertuie, op 'n spesiale demonstrasiebaan ten toon gestel is.

Een van die hoogtepunte van NAMPO Kaap 2024 was die Skaaphond-ekspo, wat saam met die Suid-Afrikaanse Skaaphondvereniging aangebied is. Besoekers het skouklasse en veilings bygewoon, terwyl die Nasionale Toyota Jong Afslaerskompetisie ook vir groot opwindung gesorg het. Vermaak en kulturele vertoonvensters was ook sleutelhoogtepunte, met daaglikse optredes deur die Suid-Afrikaanse Lipizzaners en 'n lewendige Fynbosfees, wat die streek se unieke plantbiodiversiteit ten toon gestel het.

Benewens tegnologie, het jeugbetrokkenheid die middelpunt geneem. 'n Spesiale skoolprogram wat deur die Wes-Kaapse departement van landbou aangebied is, het 500 leerders van 30 skole bymekaar gebring, wat praktiese leerervarings gebied het om hul akademiese kurrikulums aan te vul. Die Overberg Streeksjeugskou, wat op die laaste dag plaasgevind het, het geleenthede gebied vir jong deelnemers om hul vaardighede oor verskeie landboudissiplines ten toon te stel.



“Landbou strek verder as net produksie. NAMPO Kaap speel 'n sleutelrol in die bevordering van landelike ontwikkeling en sosiale groei. Deur ons produsente met moderne tegnologie en kennis te bemagtig, kan ons produktiwiteit en inkomste verhoog. Verder skep die integrasie van landbou met sektore soos hernubare energie en biotegnologie nuwe geleenthede vir ekonomiese diversifikasie en innovasie. Dit dra by tot 'n meer volhoubare en robuuste landbousektor vir die toekoms”, het dr Dirk Strydom, besturende direkteur van NAMPO (Edms.) Bpk, afgesluit.

NAMPO Kaap 2024 het sy doelwit bereik om 'n platform vir netwerkvorming, innovasie en die uitruil van kennis te skep en bly 'n belangrike bymekaarkomplek vir Suid-Afrika



se landbougemeenskap, wat beide huidige en toekomstige generasies produsente inspireer.

NAMPO Kaap se datums vir volgende jaar is vasgestel vir 10-13 September 2025 op Bredasdorp Park. Besoek www.nampokaap.co.za vir meer inligting of volg ons op sosiale media platforms.

Uitgereik deur: Graan SA & Bredasdorp Park NPC

Vir media navrae: Alzena Gomes
alzena@grainsa.co.za / 082 463 4356

Bron: <https://www.grainsa.co.za/news-headlines/press-releases/nampo-cape-2024---a-landmark-event-for-the-agricultural-community>

SLEGS VIR DIEREGERBUK.

Up-Cal

Reg. NR. G4346 (Wet 36 van 1947) **INSPUITBARE OPLOSSING**



- ✓ **Geindikeer vir hipokalsemie en hipomagnesemie.**
- ✓ **Geindikeer vir ketose in beeste.**
- ✓ **Kan onderhuids, intra-peritoneaal of binnears ingespuut word.**



